Afrikaanse Gemeente UAE

Ds Gert Els 050 836 8392
gert@dubaigemeente.com
www.dubaigemeente.com
Jaargang 3 Uitgawe 88

Kom deel saam in ons 40 Dae van Gemeenskap!

Sal jy asseblief vir die duur van ons 40 Dae van Gemeenskap by 'n 40 Dae selgroep of Bybelstudiegroep betrokke raak?
Vir 6 weke (met week een wat VANDAG 23 Januarie 2009 begin) gaan die selgroepe onder leiding van gashere/-vrouens regdeur die gemeente, weekliks bymekaar kom.
Die kleingroep ervaring vorm die HART van die 40 Dae. Daarom vra ons dat jy met oorgawe deel sal word van 'n kleingroep vir die duur van die 40 Dae tydperk.
Almal in bestaande selgroepe, gaan vanaf VANDAG, 23 Januarie 2009 met die werkboek "SAAM *IS ONS BETER* - Wat *op aarde maak ons hier?"* besig wees. In ses weeklikse sessies gaan ons 1 Kor 13 bestudeer en bespreek. **Ons nooi jou uit om te kom aansluit by "40 Dae" groep.** Kyk aan die agterkant van hierdie bladsy om die name te sien van die Gashere/vrouens wat hulle huise beskikbaar maak vir die 40 Dae waar jy kan kom inskakel. Ek vra jou om te kyk waar die naaste groep aan jou sal wees en dan die kontak persoon te skakel of te epos dat jy daar kom inskakel. Mag jy die tyd vind daarvoor.



Onthou net dat alle 40 Dae GROEPE begin funksioneer die week vanaf 23 Januarie 2009 - tot en met die eerste week van Maart 2009. Jy verbind om een keer per week by 'n 40 Dae selgroep in te skakel vir 'n tydperk van 2 ure elke week. Die materiaal wat hanteer word is agter in die dagstukkie boek van Rick Warren: ***Saam is ons Beter***, vervat.

Onthou ook dat almal VANDAG 23 Januarie 2009 begin met dag 1 van die 40 dagstukkies in Rick Warren se boek ***Saam is ons Beter***. Die boekies SE EERSTE WEEK IN E-FORMAAT is gister geepos en harde kopie format is vandag beskikbaar by die bedieningspunte. As jy jou naam op 'n lys geplaas het vra ek dat jy seker maak dat jy dit kry.

Mag jy die saam met elke ander gelowige in hierdie 40 Dae van Gemeenskap die krag van God se teenwordige nabyheid beleef.

Hulp en Toerusting vir ons Gashere en Gasvroue
Die Bybel - studie DVD, en die musiek DVD is ook vanoggend beskikbaar by die ons dienste. Jan Louis sal dit by Jebel Ali hanteer en Ds Gert by die ander punte. Maak asseblife seker dat jy as gasheer dit optel.

Ons Gemeente se Driejarige Dankie Viering
Ons 40 Dae tydperk eindig met 'n Vieringsnaweek op 27 Februarie 2009. Dit val saam met die viering van ons gemeente se driejarige bestaan. Ons gaan 'n massasaamtrek hê waartydens al die bedieningspunte een gesamentlike diens om 10:00 sal hê . Daarna geniet ons 'n heerlike spitbraai en kuier saam totdat ons klaar is. Ons het die Sharjah bedieningspunt as geleentheid gekies aangesien dit uitnemend geskik daarvoor. Ons het 'n groot saal wat almal sal kan huisves. Daar is genoeg kuierplek vir almal en vir die kinders is daar swemgeriewe, klim en klouter aparaat met die nodige toesig wat op die dag verskaf sal word.

Wat van ons jeug?
Ons wil ook graag ons jeug betrokke maak by die 40 Dae van Gemeenskap. Daarom is daar vir elke kind op Laerskool, Hoërskool en ook vir elke naskoolse student 'n uitgewerkte dagstukkie vir die 40 Dae van Gemeenskap. Die material is in Engels en op die vlak van die betrokke kind geskryf. Vir die jonger kinders vra ons dat pa en ma betrokke sal wees by die deurwerk van die betrokke dag se dagstukkie. Dis 'n wonderlike geleentheid vir die hele familie om werklik as gesin saam met dieselfde tema besig te wees. Die materiaal is vir elkeen op sy of haar bvatlikheidsvlak. Ons sal seker maak dat hierdie inligting in harde kopie- en in e-formaat vir die jeug beskikbaar gemaak word.

ONS VRA HULP MET ONS JEUG SE TOERUSTING. Hierdie jaar is een van ons gemeente se fokus areas om 'n baie sterk jeug toerustingspan te vestig. Ons het wonderlike jeugleiers wat kan help en wat alreeds betrokke is. Ons is werklik dankbaar vir elkeen wat met hierdie uiters belangrike saak besig is. Ons vra egter vir nog mense wat bereid is om toegerus te word. Juis daarom het ons onder leiding van Sandra Holloway van Abu Dhabi bediening twee uiters bekwame jeugleiers Werner en Tania Schultz van SA laat kom om vir ons 'n Werkwinkel in Kinder en Jeugwerk aan te bied op 31 Januarie 2009. Voltooi asseblief die meegaande werkwinkel blaadjie indien jy kan kom. Ons benodig ten minste 20 persone wat kan bywoon. Tans is daar 14 persone wat kan kom.

Afrikaanse Gemeente UAE

SELGROEP-BEDIENING en BIDURE

Sondagaaand

- Aan huis van **Calvyn en Manda Hamman in Um Suqeim.** Dit is in 26E Street, No. 129, Al Safa Village 3. Kontaknommer is 04 - 342 0802. Tyd is 19:30
- Aan huis van **Jan-Louis en Obri Oosthuizen Springs12**. Dit is in Straat 1, Villa no 43. Kontaknommer is 04 361 4298. tyd is 19:00.

Mirdif

- Aan huis van **Leon en Helmien** Straat 87c Villa no 4, Leon 50-4568475 en Helmien 050-4568478. Tyd is 19:00

Maandagaand

- Aan huis van **Nicky** in die **Gardens 13**, onderste vloer no 6 Kontaknommer Nicky 050 467 3122. Tyd is 19:30
- Nog 'n **Springs groep** is by **Basie . Hulle vergader** om die beurt by verskillende huise. Dis 'n jonger groep en kontak besonderhede is as volg. Basie 0502533196

Mirdif

- Aan huis van Pieter en Tharien van Heerden, Al Warqa'a 1, Mohd Matar Bin Ghadayer Building, Flat 309 Mobile: 0509487796 Tyd 18:30 vir 19:00.
-

Abu Dhabi

- Kontak **Leon Misselhorn,** indien u wil inskakel of mense verwys op 050 674 9133. Tyd is 19:00

Dinsdagaand

- Aan huis van **Piet en Carlien Vorster** in **Al Quasais** in die Fatima Ebrahim gebou nr 108. (Pienk gebou) regoor die Emirates College naby die Dubai Womens College en ook die Diyafa School. Daar is nie 'n naam op die gebou nie. Kontaknommer is 050 5989351

Al Ain

- By Oasis op Dinsdae aande vanaf 18H30. Dit is 'n groep vir ouers met kinders. Kontak Danie Esterhuyse 050 6162240

Woensdagaand

Al Ain

- Kontak **Erich Ipland,** indien u wil inskakel of mense verwys, sy kontaknommer is op 050 812 3016. Tyd is 19: 30
- Kontak **Annatjie Venter** indien jy by die verpleegsters se selgroep wil inskakel. Haar kontaknommer is 050 5330829
- Kontak **Manie** Villa 1 Straat 6, Alkhabisi. Kontaknommer is 050 813 5292 Tyd 19:00

Dinsdagaand Biduurgroep

•Aan huis van **Yolande Rass** in ***Arabian Ranches Al Reem 3, Villa 135, Straat 1.*** Kontakno 050 886 8053 Tyd 19:30

Woensdagaand Biduurgroep

•Aan huis van **Jan en Sharon Pretorius** in **Meadows 7, Straat 2, Villa 18**. Kontaknommer is Sharon by 050 6514407. Tyd is 19:00.

•Aan huis van Linda en Gerhard in **Meadows 9, Straat 14, Villa 43** vir mense wat Egelstalig wil bid. Kontaknommer is Linda 055 831 7457. tyd is 19:00

Abu Dhabi

- Kontak **Piet en Sandra Furstenburg,** Villa 58, Seashore Villas, Abu Dhabi (langs Spinneys by Mangrove Village). Kontaknommer vir Sandra is 050 734 4052 Tyd is 19:00

Donderdagoggend Jeugbiduur om 10:00. Bidgroep **vir die jeug** by Ds Gert in Springs 3 Skakel Ds Gert op 0508368392